Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

# O.B.

5de Jrg. Kaapstad, Woensdag, 13 Febr. 1946. No. 12.

# KRAGMONSTERING VAN DIE O.B. OP Reuse-Offisierslaer

**Die Offisierslaer wat die Ossewabrandwag op 7 en 8 Februarie in Bloemfontein saamgetrek het, was 'n skitterende sukses. Meer as 800 offisiere uit alle dele van die land het die laer bygewoon. 'n Kenmerk van die laer was die groot geesdrif in die verrigtinge en die eenstemmigheid waarmee tot besluite geraak is. Geweldige besieling het van die laer uitgegaan en die weldadige naklanke daarvan sal die stryd wat voorlê beslis voordelig beïnvloed.**

Die laertrek het onder bevel van die A.K.G., genl. J. A. Smith, gestaan en die verrigtinge het in die Stadsaal, wat versier was met O.B.-vlae en -baniere, plaasgevind onder voorsitterskap van genl. ds. S. J. Stander. Die wagte, eners gekleed in flenniebroeke, wit hemde met rooi en swart nekdoeke, die vroue in hul wit rokke, sowel as die mans met hul rangbande, het kleur en luister aan die verrigtinge verleen.

**Die losiesprobleem het die O.B. op tipiese boeremanier opgelos deur 'n tentelaer onder die skaduryke bome in die park op te slaan, waar 'n paar honderd mans-offisiere gehuisves is.**

Terwyl die groot offisierslaer op aandag gestaan het, het die besoekende Wag-generaal van Gebied E die lede van die Grootraad na die mooi versierde verhoog gelei, waar hulle hul plekke ingeneem het. Die K.G. is onder dawerende toejuiging deur die A.K.G. na die verhoog vergesel. Hierna is die republikeinse O.B.-vlag, wat gedurende die verrigtinge trots aan die vlagpaal bly pryk het, gehys.

Die voorsitter het op plegtige wyse die laertrek met Skriflesing en gebed geopen.

**Die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, het die aangrypende toekomstaak van die O.B. op pakkende wyse geskets. Die organisasie van die Ossewabrandwag, sy personderneming en die wag-afdeling is deur die Adjunk-K.G. en Organisasieleier, genl. J. A. Smith, behandel. Ander leiers van die beweging het verhandelings gelewer oor die besondere werksaamhede waarmee hulle belas is. Offisiere het die geleentheid gehad om aan die besprekings deel te neem en die leiers te ondervra.**

Die K.G. het 'n brief voorgelees, afkomstig uit 'n Duitse bron, waarin die diepste dank en waardering, van Duitse kant, uitgespreek word vir die vriendskap in naam en daad wat die O.B. teenoor sy Duitse stamverwante uitgeleef het.

Die Offisierslaer het die breë toekomsbeleid, soos deur die K.G. uiteengesit, sowel as die beleid oor spesifieke sake, soos b.v. t.o.v. 'n verkiesing, met akklamasie en byvalsbetuiging aanvaar.

**Allerweë word gevoel dat die Offisierslaer 'n duidelike kragmonstering van die Ossewabrandwag verteenwoordig.**

**Enersyds het die O.B. se kragvertoon na vyf maer jare klimmende besieling en nuwe strydlus vir die geledere gebaar. Andersyds het dit daardie vyande van die beweging wat die O.B. uitskel vir 'n geraamte, lelik ontnugter.**

# Eenparige Vertroue in K.G.

## Geesdriftige Instelling van Leiers

**BY GELEENTHEID VAN DIE BLOEMFONTEINSE LAERTREK HET DIE LEIER VAN DIE OSSEWABRANDWAG, DR. J. F. J. VAN RENSBURG, SY AMP NEERGELÊ EN HET DIE OFFISIERE SODOENDE DIE GELEENTHEID GEKRY OM OPNUUT VERTROUE OF WANTROUE IN DIE LEIER TE BETUIG.**

**Deur middel van geheime stembriefies het die groot offisierskaar eenparig, sonder een enkele teenstem, onwankelbare vertroue in dr. Van Rensburg uitgespreek, en hom dusdoende, te midde van tonele van opgewonde geesdrif, in sy amp herbevestig.**

Dit was die voorsitter se taak om die besluit van die laertrek aan dr. Van Rensburg mee te deel en om hom in te stel as Kommandant-generaal van die O.B. en leier van die Afrikaanse Volksbeweging.

**Dit was 'n eenvoudige dog aangrypende toneel.**

Op 'n tafeltjie, tussen die voorsitter en dr. Van Rensburg, wat oorspan was met die republikeinse vlag wat wyle genl. Hertzog aan die O.B. geskenk het, het 'n groot familiebybel gelê. Aan hul sye links en regs was ses vlagwagte opgestel met republikeinse vlae op stok. In die agtergrond was twee gebiedshoofvroue in wit geklee op wag. In die voorgrond het die Wag-generaal plek geneem.

**Dit was 'n plegtige oomblik.**

Met aandag luister die groot gehoor hoedat die voorsitter die instellingseed aan dr. Van Rensburg voorlees en sy antwoord vra.

Daarna kom dr. Van Rensburg op aandag, die vlae sak, en met die een hand op die Bybel sê hy: „Ja, ek, met ganse hart, met behulp van God".

Die Wag-generaal salueer, die offisiere kom op aandag en die vroue sing die K.G. Psalm 134 vers 3 toe: „Laat Heer u seën op hom daal".

Nadat die K.G. die offisiere bedank het vir die vertroue in hom gestel, was die groot oomblik verby.

### DIE K.G.-TOESPRAAK

**Die toespraak van die Kommandant-generaal verskyn volledig op bladsy 2.**

### GENL. J. A. SMITH



Genl. J. A. Smith

Die instelling van die Adjunk-Kommandant-generaal was ewe plegtig, indrukwekkend en geesdriftig. Sy aanstelling is in die hande van die K.G. en moet bekragtig word deur die Grootraad.

**„Ons het baie goeie manne aan wie die pos van A.K.G. en Organisasieleier aangebied kan word, maar dis my mening en die eenparige mening van die Grootraad dat die beste man vir die pos Johannes Antonie Smith is", het die K.G. onder dawerende toejuiging van die offisiere verklaar.**

**„Genl. Smith is een van die stigters van die O.B. Hy is die mees onvermoeide offisier in 'n hele korps van onvermoeide offisiere", het die K.G. voorts gesê.**

Die K.G. het genl. Smith self ingestel in sy amp en self die ampseed aan hom voorgelees. Genl. Smith het verklaar dat hy sy taak met vrymoedigheid en van ganser harte aanvaar.

Die voorsitter het Jos. 1: 7 aan die A.K.G. voorgelees:

**Wees net baie sterk en vol moed, om nougeset te handel volgens die hele wet wat Moses, my kneg, jou beveel het;**

# DIE INSTELLINGSPLEGTIGHEID



# Fondse vir Vryheidsdag

**Die Organisasieleier, Adjunk-K.G. J. A. Smith, reik langs hierdie weg 'n bevel, kragtens besluit van die Grootraad, uit dat alle kommando's met Vryheidsdag op 27 Februarie 'n buitengewone poging moet aanwend om fondse in te samel by wyse van funksies of lyste onderteken deur die kommandant. Weens die ongeëwenaarde droogte waaronder die hele land verlede jaar gebuk gegaan het, kon baie kommando's nie hul funksies vir 8 Augustus hou nie. Sulke kommando's moet in elk geval nou hul bydrae aan die gebiedshoofkwartiere stuur.**

**Die fondse wat vir Vryheidsdag ingesamel word, sal dus aangewend word vir die organisasie.**

**Vir noodhulpdoeleindes sal sover as wat die behoeftes vereis, 'n bedrag uit hierdie insamelings afgesonder word.**

**Met die nuwe fase van die stryd wat die Ossewabrandwag nou binnegegaan het, is dit van die uiterste belang dat die organisasie oor voldoende fondse beskik vir die verbreiding van sy idee.**

BINNE 10 DAE
'N GESONDER MAN . . .
BINNE 90 DAE
'N STERK MAN . . .
of so nie betaal ek u lesgeld terug.

JOHAN HEFER
se duisende suksesse is
U WAARBORG

Seuns en jong mans verlang
MOOI SPIERE en
REUSE KRAG . . .
Bejaarde mans verlang
BLYWENDE GESONDHEID
JOHAN HEFER voorsien in altwee.

Ontvang u kursusse deur die pos en oefen in u slaapkamer, sonder dat enigeen daarvan weet.

Billike Pryse. — Maklike Terme.
Skryf vandag of vul die Koepon in en pos dit aan:
JOHAN HEFER,
Hefer-Instituut,
Bus 3494, Kaapstad.



Johan Hefer

Stuur my asb. gratis besonderhede omtrent u kursusse.

Naam ..........................................

Adres ..........................................

Onderdom ..................

# K.G. Skets Vredestaak van O.B.

## *Beroepe Moet Partye In Nuwe Staat Vervang*

**„As ek 'n beskrywing van die jare 1941—46 moet gee, dan kan ek net sê: Die spore van die Ossewabrandwag lê in die geskiedenis van hierdie volk", het die K.G. sy toespraak voor die Offisierslaer begin.**

**„Ses jaar lank het hy feitlik alleen weerstand gebied teen die oorlogspoging van 'n regering wat hierdie oorlogspoging gepaard laat gaan het met die vervolging en intimidasie van volksgenote wat republikeinsgesind was.**

**„Ses jaar lank het die Beweging alleen die versorging van die vervolgdes se families op sy breë skouers geneem. Geen ander Afrikanerorganisasie of genootskap het hom oor hulle bekommer nie.**

**„Ses jaar lank feitlik alleen die spit van kamp en gevangenis vir hierdie volk afgebyt.**

**„Ses jaar lank sterk militêre kragte van die teenstander hier in Suid-Afrika gebind, wat daardeur nie oorsee kon gaan nie. Dit was vir die Empire 'n les dat hy nie hierdie volk goedsmoeds weer in sy oorloë moet sleep nie.**

**„Ses jaar lank . . . . alleen!**

**„Ons spore lê in die geskiedenis van hierdie volk vir die opkomende geslag om te lees en daardie geslag sal later dankbaar wees dat daar in hierdie jare 'n Ossewabrandwag was om die Ediksbeker namens die Afrikanerdom te drink."**

Die K.G. het daarop gewys dat daar in die ses jaar net een Grootraadslid bedank het, nl. ds. C. R. Kotzé, terwyl verskeie geïnterneer was, en vandag nog by die O.B. staan.

„Ek noem hierdie feit spesiaal omdat offisiere sal besef dat hierdie manne in die binneste kring van die Ossewabrandwag sit en die volste toegang tot alle stappe en besluite het en ook dadelik moet weet waar dinge verkeerd en van die koers af loop. Dat hulle deur al die jare nog sitting in die Grootraad neem, is 'n bewys van hul trou en hul moed in hierdie gevaarvolle jare wat agter die rug lê . . . . maar tewens 'n bewys vir die koersvastheid en die opregtheid van die Beweging in die jare van storm en drang.

In die jare wat ons agter die rug het, het heelwat gebeur. U hoef maar te dink hoedat alle magte teen ons gespan het en u sal besef dat dit 'n wonderwerk is dat ons Beweging anderkant lewendig uitgekom het. **En nie net uitgekom het nie, maar besig is om magsmiddels te verkry wat enige jare gelede, toe ons uiterlik sterker vertoon het, nog maar 'n skone droom was. Ek dink veral aan die feit dat u vandag in een of ander vorm, oor meer as £40,000 se persfasiliteite beskik.**

En daarmee kom ek geleidelik op die beleidskwessies. U het die stryd ingegaan met 'n sterk gevoel vir die nood van ons volk en met bepaalde republikeinse versugtinge, maar sonder 'n duidelik omskrewe doel. Ook sonder 'n beleid van ons eie. Dit was allesins verstaanbaar omdat ons die O.B. beskou het as iets aanvullends — die aksiefront van iets anders, nl. van die volk. En aanvullend in sekere mate by die bestaande parlementêre partye.

Een van die mees kritieke en ook pynlikste ontwikkelinge in die oorlogsjare was die skeuring tussen die H.N.P. en die Beweging. Ek wil nie op al die ou doodsbeendere ingaan nie — u ken die feite self. Die oorlog is aan die Ossewabrandwag verklaar omdat hy by voorbaat geweier het om mede-republikeine uit sy geledere te smyt as die H.N.P. dit wil doen. Dit was die kern van die Elsburg-episode. Maar wat wel dien genoem te word in die pynlike O.B.-H.N.P.-verhouding van die laaste jaar of vyf, is die houding van die Ossewabrandwag tydens die laaste algemene verkiesing.

Dat ons alle pogings aangewend het om die breuk te heel, kan ons beweer. D.w.s. alle pogings behalwe die selfmoord van die Beweging. Die laaste poging was met die verkiesing, 1943.

**Toe het iets plaasgevind wat myns insiens die hele O.B.-H.N.P.-kwessie in die regte perspektief stel. As mens daardie gebeurtenis in gedagte hou, dan het mens tegelyk ook die sleutel tot die saak . . . ook vir die toekoms.**

Ons het 'n skriftelike en openbare aanbod aan die Opposisieleiers gemaak om die hele Beweging agter hulle in te gooi in die stryd teen die Empire as hulle net onderling sou reël om driehoekige gevegte uit te skakel. **Die O.B. was bereid om oral en elders te help, sonder om vir homself 'n enkele setel te vra, mits die drie bymekaar kan kom. Dit is toe deur mnr. Havenga en mnr. Pirow aanvaar, hoewel mnr. Pirow later in die verkiesing weggeval het. Deur die H.N.P. is dit in die wind geslaan.**

Maar die sleutel is nie die feit dat hulle dit in die wind geslaan het nie. **Die werklik betekenisvolle aspek is dat hulle alle publikasie van die aanbod in hul pers verswyg het, hoewel dit aan hulle pers gegee is.**

Met ander woorde die begeerte van die Ossewabrandwag om selflose Afrikanerdiens te lewer was so ooglopend dat selfs hul eie mense, aan wie alle onheilige dinge oor die O.B. vertel is, sou moet besef dat ons dit goed meen. Derhalwe was daar net een uitweg om ons nog verdag te maak . . . naamlik swyg die aanbod dood. **Die aanbod wat politieke eenheidsaksie in die uur van ons volk se nood kan bewerkstellig . . . swyg dit dood.**

Ek noem hierdie gebeurtenis vandag, na die oorlog, weer omdat dit die sleutel is tot ons na-oorlogse optrede op parlementêre gebied. **As ons nou alle hoop opgegee het om ooit met een of ander party, tot uitsluiting van ander Afrikaners wat nie in daardie een party is nie, te kan saamwerk, dan is dit — onder andere — aan daardie doodswyg van so'n uiters belangrike aanbod te wyte. Dit het ons oë oop gemaak en ons het gesien hoe ver partybelange bereid is om te gaan ook ten koste van volksbelang. En daarom het ons ons oë — wat nou oop is — afgewend van die alleenstaande partye en ons gedagte op 'n Volksfront gevestig.**

Want oornag het die Ossewabrandwag in 1941 Ismael geword en almal, of byna almal, se hand was teen hom. Hy moes sy eie heil soek . . . of ondergaan. **Ons het ons eie heil gesoek. Ons het nie ondergegaan nie.**

Uit die twis en tweedrag en die uitlewering van die O.B. deur die ander het iets goeds gekom. Ons moes die vae versugtinge wat ons beweeg het, in vaster vorm giet. Ons het Beleidstudie-laers gestig om die voorasnog vae en onbewoorde strewe te formuleer en te bepaal. Dit was ooreenkomstig u besluit in hierdie gebou in Oktober 1941, toe u besluit het dat die O.B. moet uitgebou word in 'n omvattende Volksbeweging. Merk die woord: „omvattend" en nie „aanvullend".

Die Beleidstudie-laers, onder koördinerende leiding van prof. L. J. du Plessis, het bestaan uit vakmanne in hul besondere afdelings. Ekonome oor ekonomiese kwessies, boere en landboukundiges oor landbouvraagstukke ens. Hulle het 'n verslag uitgebring wat ons in tien punte geformuleer het, by wyse van Grootraads-besluit in 1943.

Die tien punte is:

1. Volkspolitiek in plaas van die ingevoerde partypolitiek. (Ek sal netnou hierdie punt verder belyn).
2. 'n Eenheidstaat in plaas van die bonte mengelmoes wat ons vandag het. Vandag kan ondergeskikte liggame die landsbeleid — selfs die buitelandse beleid — in die wiele ry met boikotbewegings en wat dies meer sy.
3. **Selfbestuur en direkte seggenskap in die regering vir die bedrywe of beroepe, onder koördinerende leiding van die staat.** (Ook oor hierdie punt wil ek later meer uitwei. Tesame met punt 1 is dit die kardinale dele van ons beleid, wat vir die volk nuut is).
4. **Burgerskap is beperk tot assimileerbare blankes. Ook is dit onderhewig aan onverdeelde trou teenoor Suid-Afrika.**
5. Beveiliging van blanke Suid-Afrika met segregasie wat die twee hoof-rassestrome — blank en nie-blank — skei en elkeen onbelemmerd sy eie organiese ontwikkeling gun.
6. Suid-Afrika vir die Afrikaner, d.w.s. die staatsburger van die Unie.
7. Christelike nasionalisme in plaas van die rasselose liberalisme.
8. Beklemtoning van die sosiale staat. **Die staat is nie net daar om orde te handhaaf nie — 'n soort van polisiestaat — maar om vir die volk se welvaart te sorg en te waak.** Werkloosheid is 'n refleksie op die staat en nie op die volksgenoot wat werk soek en dit nie kan vind nie.
9. Landsrykdomme word in landsbelang ontgin en nie in belang van oorsese maatskappye nie. Met billike verdeling van die aldus ontginde rykdom tussen die deelnemers in die ontginningsproses. Nie die goud vir die mynmaatskappy en die myntering vir die werker nie.
10. Geen kapitalisme en ook geen kommunisme nie, dog 'n Christelike en nasionale vorm van sosialisme. 'n Sosialisme wat rekenskap hou met ons kleur- en rasseprobleme in Suid-Afrika; met ander woorde 'n nasionale sosialisme.

Siedaar, kortliks, die opsomming van die beleidstukke, soos die Studielaers dit uitgewerk het.

En ons taak in die komende jaar of wat sal wees om met alle middele tot ons beskikking daardie leiding en daardie gedagtes te versprei en uit te werk totdat elkeen weet waarvoor die Beweging staan en stry.



Dr. J. F. J. van Rensburg

Ek wil glad nie beweer nie dat al hierdie dinge net deur die O.B. gevoel en beoog word nie. Jy kry mense wat te kenne gee dat net **hulle** die sleutel tot die waarheid het, dat net juis **hulle** hierdie of daardie beleid het. Hulle vergeet dat as dit waar was dat net hulle en niemand anders daardie pad volg, dan sou dit maar net 'n bewys wees hoe absoluut VOLKSVREEMD hulle geword het. As ons nie met die volk voeling het nie — as ons die alleenbesitters van die saligmaking was — hoe op aarde sou ons dan hierdie volk kan dien?

Daarom wil ons glad nie beweer nie dat die Ossewabrandwag 'n patent of kopiereg op hierdie dinge het nie. **Maar ek wil beweer dat die Ossewabrandwag met seldsame opregtheid en volharding hierdie dinge nastreef en uitleef so ver 'n nie-staatlike liggaam sulke dinge kan uitleef. En hy het dwarsdeur alle gevare van die oorlogsjare heen daardie dinge nagestreef en uitgeleef.**

## Die Nuwe Staat

Voortgaande het die K.G. 'n uiteensetting gegee van die twee kardinale en betreklik nuwe gedagtes, waarvan ons wel nie die enigste volgelinge is nie, maar sekerlik is ons die enigste massa-organisasie in hierdie volk wat hulle aanhang.

**Volkspolitiek in plaas van die ingevoerde partypolitiek en selfbestuur, met direkte seggenskap in die landsregering vir die bedrywe of beroepe, onder koördinerende leiding van die Staat.**

Dit is die Ossewabrandwag se bydrae aan die bepaling van ons volk se koers. Of verwag iemand dalk dat een of ander van die partye moet gaan pleit vir die Partylose Volkstaat?

Wat bedoel ons met **„Volkspolitiek in plaas van Partypolitiek?**

Ons bedoel in die eerste plek natuurlik dat die volksbelang die deurslag moet gee, ook teenoor die party-belang. As dit in belang van hierdie volk is om uit 'n oorsese oorlog te bly of om wetgewing teen gemengde huwelike te hê, dan is dit bysaaklik of een of ander party dit voordelig vind of 'n prestigesaak daarvan maak om anders te handel. Die volk se belang gaan voor.

Maar dit is nie al wat ons met die slagkreet bedoel nie. **Ons bedoel ook dat dit in die volk se belang is dat daar eenheid moet wees en nie georganiseerde en ewige vyandskap onder volksgenote nie. As daar êrens 'n „beste man" en tewens ook 'n „tweede beste man" in die volk te vind is, dan is daar nie die minste rede nie waarom die twee manne mekaar moet beveg in plaas van mekaar te ondersteun, soos in die geval van 'n partyregering en sy party-opposisie, waar hulle tekere gaan soos verbete en onversoenlike vyande.** Al aanvaar ons die goeie trou van die partyleiers aan weerskante, dan beteken dit nog op sy beste dat hulle vir 'n stelsel staan waar die Afrikaner sy volk deur middel van hierdie of daardie party wil dien. **Maar ons soek 'n stelsel waarin die Afrikaner sy volk ook DIREK kan dien, en nie langs die omweg van een of ander party nie.**

Dit is op hierdie punt waar die ideaal **„Volkspolitiek in plaas van Partypolitiek"** ons onverbiddelik lei na die tweede doelwit: **„Selfbestuur en direkte Seggenskap in die Landsregering vir die beroepe of bedrywe in die volk se lewe".**

Ons kan hierdie of daardie party afskaf. Trouens dit het al met aldrie die groot partye vanaf Unie gebeur. Aldrie het verdwyn. Die S.A. Party, die Unioniste-party en die Nasionale Party van destyds het verdwyn en vandag het ons die V.P. en die H.N.P. of V.P. **Maar as jy die partystelsel afskaf, dan moet jy iets anders in sy plek sit, 'n ander magsorganisasie.** Anders, sal u vra, hoe gaan daar 'n Regering kom; hoe gaan die mense saamspan om die beste manne daar te kry, as die bestaande organisasies, die partye, nie meer daar is nie? HIER LÊ DIE KERN!

Partye kan jy afskaf. **Maar jy kan nie boere afskaf nie of winkeliers of dokters of mynwerkers, predikante, onderwy-**

(Vervolg op bls. 3)

*K.G.-TOESPRAAK*

# TOEKOMSBELEID VAN DIE O.B.

(Vervolg van bls. 2, kol. 5)

sers en so voorts nie. As 'n volk sy boere afskaf — d.w.s. as hy ophou boer en ophou kos produseer — dan verhonger hy. En as hy ophou handel dryf dan verhonger hy ook, want hoe gaan die produkte, die kos, van die plaas op die tafel van die stedelike gesin kom tensy hulle dit êrens kan koop? Maak nie saak of ons die handel ko-operatief of individualisties wil hê nie, handel moet daar wees of die volk kan nie bestaan nie. So ook met die ander bedrywe of belanggroepe, wat in belang van die volkslewe self sowel as in eie-belang doeltreffend en sterk moet funksioneer.

Partye kan jy afskaf, maar net die volk wat selfmoord wil pleeg kan hierdie bedrywe of beroepe afskaf. En as u nou vra: „Maar as die partystelsel afgeskaf word, wat moet dan in sy plek kom?

Watter ander organisasies is daar dan? dan sê ons: **Die vanselfsprekende magsorganisasies in die regering van die Staat behoort dié te wees waarsonder geen Staat en g'n volk kan voortbestaan nie — die georganiseerde en lewensbelangrike bedrywe en beroepe of roepings.**

**Gee die Landbou meer regstreeks seggenskap in die regering van die land. Nie deur een of ander prokureur of handelaar of onderwyser nie maar regstreeks deur sy landbou-unie of wat ook al. Sy „korporasie" of „Stand", soos hulle in Europa sê. En die handelsgemeenskap hoef nie deur 'n boer hulle saak by die Regering te probeer stel nie, maar regstreeks deur die Handelskamer, wat elke handelaar en alle handelsbelange in die land verteenwoordig.**

En so met al die verskillende noodsaaklike vertakkings van die volk se ekonomiese en geestelike lewe.

**Dan val die partytwis en broederhaat vanself weg.** Die van u wat aktiewe deel in boere-belange het, weet dat dit in die landbou-unie nie hierdie of daardie party-konsiderasie is wat die deurslag gee nie, maar wel wie die beste man is, vanuit 'n boerderystandpunt gesien. Net soos Afrikaanssprekende boere jarelank — ten spyte van politieke geskille — 'n man soos majoor Hunt in die S.A.L.U. met raad en daad ondersteun het, net so het Engelssprekendes in die industriële wêreld 'n man soos dr. Van Eck of Van der Byl as deskundige gerespekteer en vertrou. **Want almal het hier gelet op die belange van die bedryf en die bekwaamheid van die bedryfsgenoot wat gekies moet word om die bedryf se belange te behartig.**

As u in u ko-operasies 'n voorsittende direkteur of wat ook al moet kies, dan soek u nie die beste ouderling of die knapste jukskeigooier uit nie. U soek die beste en mees progressiewe boer met besigheidsaanleg wat beskikbaar is, en aan hom vertrou u die boerebelange toe. As hy die ander deugde ook besit dan deste beter. Maar hoofsaak is sy eerlikheid, boerekennis en besigheidsaanleg. **'n Stelsel wat u nooit op u plaas of in u beroep sou duld nie — naamlik dat die hardste skreeuer u belange moet behartig — die laat ons sonder enige bedenkings in ons staatslewe geld.** Juis op daardie gebied waar alles op die skaal gelê word . . . die hele toekoms van ons volk en die veiligheid van die Afrikanergeslagte wat nog na ons moet kom . . . op daardie gebied volg ons 'n stelsel wat g'n boerekoöperasie en g'n besigheidsmaatskappy of vak-unie sal duld nie.

Die Ossewabrandwag beskou dat die belange van die volk minstens netso swaar moet weeg as dié van 'n koöperasie of enige gesonde bedryfsvereniging. **Daarom sê hy: voer 'n stelsel in waar vakmanne in die besondere lewensnoodsaaklike vakke van die volkslewe baie meer direkte seggenskap in landsake kry.**

**Dit kom neer op 'n besigheidsregering met deskundiges aan die hoof in elke Staatsdepartement. Vakmanne as Ministers en ook as Raadslede.** In ander lande het hierdie stelsel gewerk en goed gewerk. Daar is g'n die minste rede waarom dit nie in ons land goed en effektief sal werk nie . . . en al prys wat ons moet betaal is die staking van die broedertwis en Afrikanerhaat wat ons uit die Britse partystelsel geërf het. **Daardie prys is die Ossewabrandwag bereid om te betaal, sommer vandag al.**

## Die Volksfront

Maar nou mag u vra: „Op watter manier hoop die O.B. om die volk tot hierdie verstandige keuse te beweeg? Die antwoord is dat ons daardie dinge gaan nastreef met al die middele tot ons beskikking. Met voorligting in ons blad, met voorligting op vergaderings en orals en elders. Ook met die stem wat in verkiesings tot ons beskikking staan.

**Een middel is die Volksfront-gedagte.** Die Grootraad het besluit dat die Ossewabrandwag met die volgende algemene verkiesing **as organisasie nie sal deelneem nie, behalwe waar 'n kandidaat, hetsy onafhanklike of van watter opposisie-groep ook al, die gedagte van die Volksfront onderskryf.** Let wel, die O.B. as organisasie, behalwe as 'n Volksfront sou optree, sal aan die verkiesing nie deelneem nie; sy lede kan handel na goeddunke. Net soos die kerk g'n deel neem nie maar sy lidmate wel. Maar ons sal ons offisiere nie op enige elek-siekomitees — behalwe Volkfrontkomitees — laat dien nie.

Dit wat die volgende algemene verkiesing betref, gesien in die lig van die verhoudings vandag. **Die verkiesing daarna sal, dit betwyfel ek nie, al heeltemal 'n ander prent toon. Dan sal die reeds klaarblyklike bankrotskap van die partypolitiek selfs vir die siende blind en die horende doof so 'n steen des aanstoots geword het dat hulle vanselfsprekend hul heil by 'n partylose, d.w.s. 'n Volksfront, sal moet soek.** Ook die jongste ontwikkelings laat ons al hoop op 'n groeiende besef dat hierdie eksklusiewe, versteende partyskeidingsmure gaan verbrokkel voor nuwere en meer inklusiewe kragte wat kom. Ons juig dit toe. En die Volksfront, wat g'n party in die besonder moet dien nie, sal vanself die draer van die PARTYLOSE VOLKSTAAT word, net soos die Ossewabrandwag die draer van die Volksfront is.

In daardie Front skuil die gedagte wat ons nastreef, nl. dié van regstreekse beroepsverteenwoordiging, **en omdat hy self g'n party op sy eie is nie maar 'n samewerking van afsonderlike organisasies, vakunies, landbou-unies ens., sal die Front uiteindelik moet oorgaan tot die stigting van die staat waarin die beroepe direkte seggenskap het onder gekoördineerde leiding. En daardie staat is die Gesagstaat nasionaal en sosiaal van aard, waarna ons streef.**

Aangesien hy ook die verbreking met die ou ingevoerde partystelsel uit Brittanje beteken, het ek ook g'n twyfel dat daardie staat die Republiek gaan wees nie.

Om dit te bereik gaan die Ossewabrandwag homself nie spaar nie. Ons sal al die middele wat ons het, en veral ons pers, nogeens ons pers en dan weer: ons pers, in die stryd werp. **Maak Perskor sterk, dan kan dit baie van die werk doelmatig van u skouers afneem.**

Die taak is nie maklik nie — g'n historiese taak was ooit maklik nie — maar ons weet dat ons die beste mans en vrouens in hierdie volk in ons geledere het en daarom gaan ons hom pak en deurvoer tot die oorwinning toe. Met 'n rekord soos die van die Ossewabrandwag in die oorlogsjare en met 'n stadig maar seker groeiende pers het ons niks te vrees nie. Veral met die trou en taaiheid waarmee u die een krisis na die ander, die een taak na die ander, oormeester het, wil ek g'n oomblik twyfel dat u die stryd na die oorwinning gaan voer nie.

**En die beloning vir 'n seëvierende stryd is 'n verenigde en partylose Afrikanerdom, sterk organies in sy eie Staat ingeskakel, en bewus van sy roeping in hierdie land wat die Voorsienigheid aan hom gegee het.**




WAARDE VIR GELD




Handelsnavrae: INTERNASIONALE KOPERS (EDMS.) BPK. Posbus 1380 KAAPSTAD

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

# AANKONDIGING

## PRESIDENT MOTORS

BEPERK

(GEREGISTREER: 9 MAART 1942)

LEUSE: ONS DIENS —— U BEVEILIGING

| | |
|---|---|
| GEOUTORISEERDE KAPITAAL | £100,000 |
| Verdeel in: 300,000 GEWONE AANDELE 5/- ELK | 75,000 |
| 25,000 PREFERENTE AANDELE £1 ELK | 25,000 |
| UITGEGEWE KAPITAAL: 46,000 GEWONE AANDELE | 11,500 |

DEEL IN ÓF KAPITAAL-APPRESIASIE ÓF GEWAARBORGDE DIWIDEND DEUR GEWONE AANDELE 5% PREFERENTE AANDELE TE NEEM

GEEN KONTROLE SPESIALE STEMREGTE

Agente vir General Motors — CHEVROLET, BUICK ens. Te BLOEMHOF en SCHWEIZER-RENEKE. Ander dorpe volg binnekort!! — Spesialiseer in Tweedehandse Karre in JOHANNESBURG.

DIREKSIE:

| Naam: | Beroep: | Spesiale taak: |
|---|---|---|
| Dr. PHIL. J. BOTMA | Sakeman | Besturende Direkteur. |
| BEN J. PIENAAR | Aandelemakelaar | Vir: Algemene Finansiering en latere bemarking aandele deur Beurs. |
| RYK NAGEL | Ouditeur | Vir: Interne ouditering en administratiewe kontrole. |
| DAN. FRANCOIS DU TOIT | Advokaat | Vir: Regsadvies. |

SEKRETARIS: A. T. VIVIER, BUS 7638, JOHANNESBURG.

VIR VERDERE BESONDERHEDE HOU ADVERTENSIES IN „DIE O.B." DOP.

DIE O.B., WOENSDAG, 13 FEBRUARIE 1946

# 'n Nuwe Toekoms

Soos die eerste laertrek in Bloemfontein in 1941 die eerste republikeinse volksbeweging in die organisasie van die Ossewabrandwag geproklameer het, so het die laertrek verlede week die fondamente gelê vir die eerste natuurlike of eenheidstaat van Suid-Afrika — 'n staat wat nie meer gegrond sal wees op volksverdeeldheid en konstitusionele burgeroorlog nie, maar op die georganiseerde welwillendheid en samewerking van die hele volk.

Meer as agthonderd offisiere het met akklamasie hul voorneme betuig om vir goed af te sien van die politiek van verdeeldheid soos verteenwoordig in die partystelsel. Hierdie manne en hul volgelinge dwarsdeur die land sal voortaan soos 'n suurdeeg werk om ons volk se oë te open vir die noodlottigheid van die parlementêre twisstelsel met sy kunsmatige en oorbodige politieke partye wat oor die belange van die volk heen worstel om besit van die regeringsepter. Hierdie politieke wedstryd met sy vyfjaarlikse toernooi van haat en onenigheid se beëindiging is formeel in Bloemfontein aangekondig deur die Volksbeweging van die Afrikanerdom, wat ook in sy sware afweerstryd die afgelope ses jaar getoon het dat hy die hand van samewerking uitgesteek bly hou het selfs na diegene wat hom wil vernietig.

Hierdie Volksbeweging het ook in die ses jaar getoon dat hy dit nie by woorde laat bly nie, maar dat hy ook die beginsels uitlewe waarvoor hy staan. Dit het sy Noodhulpfonds bewys deur middel waarvan hy honderde gesinne onderhou het. Dit het die taaie volharding van sy lede getoon wat ten spyte van die mees gekonsentreerde aanvalle van regering en opposisie en dwarsbanke hulself nie net gehandhaaf het nie, maar elke jaar nog steeds gevorder het.

Die stryd sal nou in makliker — veel makliker — omstandighede gevoer word, en die ongekende eensgesindheid en geesdrif waarmee die offisierslaer hierdie nuwe taak aanvaar het, is die waarborg aan ons volk dat daar vir hom 'n nuwe toekoms wag na die eerlange afsluiting van die broedertwis en broederhaat waarop die partypolitiek hom vir soveel vrugtelose jare getrakteer het.

# AMAJUBA

*(Op 27 Februarie tree die Ossewabrandwag weer aan om die Vryheidsvure aan te steek wat 65 jaar gelede deur die Boeresege op Amajuba so helder opgevlam het).*

Vryheidsfakkel, vryheidsvure
Wat Suid-Afrika belig,
Word deur troue Boerehande
Aangesteek en roep tot plig.

Dis die fakkel van die Voortrek,
Godlik Lig wat dit nog dra;
Dis die vlam van vryheidslewe,
Van jou siel, Suid-Afrika.

Vryheidsvure, vreugdevlamme,
Neem jou na Majuba trug;
Donker wolke, onheilsure,
Luister, dis jou volk wat sug!

Rooi die vlamme van die vyand,
Wat jou veld, jou siel verteer,
Stook jou vuur en maak jou voorbrand
Tydig, red jou volk se eer.

Bring jou stomp nóu Afrikaner,
Laat jou vlam in eenheid styg,
Gee jou hand, want Afrikaner
Nóu's die tyd vir eenheidskryg.

Elke stomp uit Boerehande,
Elke stam uit vaarlandsgrond,
Gooi 'n gloed oor vyandslande,
Waarborg ons 'n vuurproeffront.

Elke vonk 'n inspirasie,
Elke vlam 'n ideaal,
Wat ons volk as Boerenasie
Vir die toekoms weer sal staal.

Nooit was nog dié vlam geblus nie,
Nooit kon vyand feeste vier;
Diep die gloed wat nooit sal rus nie,
Taai die moed wat seëvier.

Hoor die slagkreet van die toekoms,
Hoor my medebroer in nood:
„Nou vir GOD, vir Land en Nasie,
Saamstaan, trou ook tot die dood."

M.B.

# Wêreldvoedselkrisis: Sy Oorsake en Moontlike Gevolge

**Die buite- en binnelandse nuus van die afgelope week staan sonder twyfel in die teken van 'n wêreldwye voedselkrisis. Die verskriklikste hongersnood wat die wêreld nog ooit geken het, staan voor die deur van die meeste wêrelddele, terwyl baie lande reeds deur hom oorval is. Die huidige wêreldtoestand herinner aan daardie allervreeslikste Bybelse drieling: oorloë, hongersnood en pestilensie. Die laaste het weliswaar nog nie sy verskyning gemaak nie, maar ook vir hom is die tyd ryp en sy slagoffers gereed.**

## DIE OORSAKE

Vir die huidige voedselkrisis word allerlei oorsake aangevoer. Daar word beweer dat oorlogsverwoesting en oorlogsontwrigting die noodsaaklike oorsake van die huidige voedselkrisis is en daar word verder daarop gewys dat ongekende droogtes en misoeste in voedsel-produserende wêrelddele soos Amerika, Afrika en Australië, bygedra het om hierdie krisistoestand te vererger. In lande waar regerings „gelukkig" is om vitterige opposisiepartye te hê wat na magsoorname streef, word uit die voedselramp munt geslaan. Die regerings word as sondebokke uitgekryt en voedselrampe word as handige stokke gebruik waarmee regerings geslaan word.

## 'N BELANGRIKE KERN VAN WAARHEID

Al hierdie oorsake bevat sonder twyfel 'n belangrike kern van waarheid. Dit is waar dat die verwoesting en ontwrigting van die oorlog, veral in die lande op wie se bodem die oorlog uitgeveg is, en wie se voorradetoevoer deur duikboot- seeblokkade of lugbombardement ontwrig is, 'n baie belangrike oorsaak van die huidige voedselramp is. Dit is ook waar dat hierdie ramp deur natuurlike oorsake soos droogtes, ontydige ryp, ens. en gevolglike misoeste vererger is. Dit staan ook vas dat regerings in hul oorlogsdolheid hulle blind gestaar het teen die oorlog, hul bloed en geld met verkwistende hand in die diens van die oorlogsduiwel gestel het en versuim het om voorsiening te maak vir die maer jare wat op 'n kunsmatige oorlogswelvarendheid noodsaaklik moet volg.

Al hierdie aangegewe oorsake vir die huidige voedselramp bevat sonder twyfel 'n belangrike kern van waarheid. Die vurige oorlogmakers soos Churchill en sy party is egter die laaste om partypolitieke munt te slaan uit die huidige voedselkrisis waarvoor ook hulle gedeeltelik verantwoordelik is. Die gewese Britse premier en huidige leier van die opposisie, wat vandag die mond vol het oor die Engelse regering se voedselbeleid, sowel as die miljoene in ander lande wat oorlogsondersteuners was maar nou teen hul regerings draai omdat hulle aan eie lyf met voedselknapheid kennis maak, herinner aan daardie dom man wat 'n purgasiemiddel ingeneem het en tog nie verstaan waarom sy maag omgekrap is nie.

## DIE GEVOLGE VAN DIE VOEDSELKRISIS

Soos die oorsake van die dood dikwels eers na 'n lykskouing vasgestel kan word, so ook kan die ware oorsake van die huidige voedselramp in die wêreld eers bepaal word na sy gevolge vasgestel is. En wat is hierdie gevolge? Volgens die getuienisse van verskillende organisasies van die „Verenigde Volke" wat met rekonstruksiewerk te doen het, is die voedselposisie van die wêreld uiters kritiek. „Slegs in Europa moet 140 miljoen mense vandag bestaan van 'n diëet wat minder is as die algehele minimum om gesondheid en liggaamlike geskiktheid in stand te hou". Volgens 'n ander berig verwag die V.V.O. of nuwe Volkebond „dat hongersnood in 1946 taamlik algemeen sal voorkom as gevolg van die tekort aan graansoorte en bemestingstowwe". In gesaghebbende kringe van die Verenigde Volke word 'n **verskriklike en ongekende hongersnood** as gevolg van die huidige voedselkrisis in die onmiddellike vooruitsig gestel.

## HONGERSNOOD EN HONGERDOOD

**Hongersnood** beteken egter nie noodwendig **hongerdood** nie. Dit kan ook met veiligheid aangeneem word dat baie min Amerikaners en Britte in die hongersnood 'n hongerdood gaan sterf. Dit geld waarskynlik ook vir ander „bevryde volke" soos die Franse, Hollanders, Dene, Belge en Nore. Van die „bevryde volke" wat onder die Russiese „beskerming" staan, weet ons maar weinig. Dit is moontlik dat hulle nie alleen met hongersnood maar ook met hongerdood kennis sal maak. Die Russe self sal waarskynlik nie slegter vaar as die Angel-Saksers nie. In die Ooste sal dit waarskynlik Sjinese en Indiërs wees wat die meeste gaan ly. Hongersnode is by hierdie volke selfs in vredestye nie onbekend nie.

## TWINTIG MILJOEN DUITSERS TE VEEL IN DIE WÊRELD?

Die volke wat sonder twyfel die swaarste ly en nog sal ly, sal nie die „bevryde volke"

**Buitelandse Oorsig**

wees nie, maar die verslaande vyande. Duitsers, Italiane en Japanners maak reeds nou nie alleen met hongersnood kennis nie, maar ook met die allerverskriklikste hongerdood. Die vloedgolf van gruwelpropaganda, veral teen Duitsers en Japanners, is nie toevallig nie, ook nie die sogenaamde regterlike vervolging van Duitse en Japanse leiers as „oorlogsmisdadigers" nie. Dit is ook nie toevallig dat swaar-wegende versagtende omstandighede in verband met Duitse en Japanse konsentrasiekampe en ander „gruweldade" gladnie in die „gruwelpropaganda" 'n plekkie kry nie. Dit is maar ook heel terloops dat ons verneem dat Franse in die besette Frankryk nog oor kos en klere, Hollanders in die besette Holland nog oor 'n mooi veestapel en Dene in die besette Denemarke nog oor ham, eiers en botter beskik het om na Engeland uit te voer, toe hierdie lande „bevry" is.

Maar nie alleen gruwelpropaganda en die verrigtinge van Neurenberg nie, maar die hele aangekondigde beleid van die oorwinnaars ten opsigte van die Duitse en Japanse nywerheidslewe, bewys duidelik dat hierdie twee volke ook met hongersnood en hongerdood kennis sal maak, selfs al sou daar in die wêreld geen wêreld-voedselkrisis heers nie. En hierdie hongersnood en hongerdood sal nie alleen die volwasse Duitsers en Japanners tref nie, maar ook die grysaards, vrouens, kinders en selfs die ongebore babas.

„Daar is twintig miljoen Duitsers te veel in die wêreld", het Clemenceau byna dertig jaar gelede gekla. Die „Franse Tier" sou vandag baie gelukkig gewees het as hy nog geleef het. Die hongerdood sal die werk voleindig wat die seeblokkade of hongerblokkade, die lugbombardemente en die atoombom begin het.

**BRAAIVLEISAAND EN WAATLEMOENFEES**
word gehou by
**MNR. MAREE, EIKENHOF BRACKENFEL**
**op 16 Februarie, vanaf 7 n.m.**
**Spreker:**
**Genl. Dr. F. D. du T. van Zyl.**

# Die O.B. Gaan Nuwe Kragte Inskakel

**Die Ossewabrandwag gaan nuwe en aanvullende kragte by sy organisatoriese struktuur inskakel, het sowel die Kommandant-generaal as die Organisasieleier aan die Offisierslaer in Bloemfontein verduidelik toe hulle die offisiere toegespreek het oor organisatoriese aangeleenthede.**

Voortaan sal die gesagdraende offisiere in die beweging van advies bedien word deur Kommandorade, Generaalsrade en Gebiedsrade. Ooreenkomstig die beginsel wat reeds deur die Grootraad met goeie gevolg toegepas word, sal nie alleen bevelvoerende offisiere op die onderskeie rade sitting neem nie, maar sal die raad aangevul word met waardevolle dog sluimerende kragte in die area waarin die betrokke raad opereer.

**Ten einde 'n ondubbelsinnige wisselwerking van vertroue tussen hoër en laer offisiere te verkry, sal alle offisiere voortaan, op tye wat van bo af bepaal of van onder af aangevra kan word, hul poste ontruim. Hierdie ontruiming sal, enersyds, aan laer offisiere die geleentheid bied om van tyd tot tyd vertroue in hul hoër offisiere uit te spreek, by wyse van aanbevelings; en andersom, sal dit aan hoër offisiere wat die bekragtigings- en veto-regte het, dieselfde geleentheid bied t.o.v. hul laer offisiere.**

In ieder geval die offisier wat ontruim sal versekering kry van die vertroue van sy onderoffisiere sowel as van sy hoër offisiere. Op hierdie manier sal daar geen sweem van twyfel wees oor die vertroue, na onder en na bo, wat die gesaghebbende offisiere geniet nie.

# Skitterende Prestasie Van Die Vrou

## Genle. Du Toit Loof Toegewyde Arbeid

**In 1941 het die O.B. laer getrek in Bloemfontein onder verbysterende omstandighede, het genle. mev. J. S. du Toit verklaar in 'n rede oor die vrou in die O.B. voor die Offisierslaer in Bloemfontein. Menigeen het gewonder of 'n volk wat wou leef, gedoem sou wees om te sterwe. Vandag, vyf jaar later, vergader ons weer in Bloemfontein en kan die O.B., en in besonder ook die vrou, met groot dankbaarheid en trots terugsien op die stryd om selfverwesenliking van die afgelope vyf jaar.**

Gesterk deur die geloof dat die O.B. die enigste krag is wat vir ons, ons mans en ons kinders, 'n fatsoenlike blanke toekoms inhou, het die vrou vyf jaar gelede haar toegewyde arbeid aangebied in die O.B.-stryd, het genle. Du Toit gesê.

**Sy het verklaar dat sy trots is op die prestasies wat die vrou behaal het. Sy herinner aan die vriendskapsentrums wat oral verrys het; aan die wit rokke wat onafskeidbaar van die O.B. geword het, en boweal aan 8 Augustus (Fondsdag) en aan 27 Februarie (Vryheidsdag) wat in die O.B. die skitterendste prestasies van die vrou geword het.**



Genle. mev. J. S. du Toit

### ERKENNING VIR DIE VROU

Die vrou vra vir haarself niks. Sy is bereid om te dien en te gee, in die toekoms net soos in die verlede.

Dit is egter 'n soet gedagte vir die vrou dat die Grootraad van die O.B. haar dienste spontaan en uit vrye beweging altyd erken het en nog steeds erken. **So is die Vroue-Adjunkraad lang reeds opgeneem op die Grootraad. Tans het 'n vrou ook sitting gekry op die Uitvoerende Raad en is spesiale fondse** afgesonder vir die kaste van die gebiedshoofvroue vir aanwending vir spesifieke vrouedoeleindes.

Die vrou is diep dankbaar vir die erkenning wat sy geniet.

### VASBERADENHEID VAN DIE VROU

Daar is baie hoop in die hart van die vrou, het genle. Du Toit gesê. Ons voel dat ons nader is aan ons vryheid as ooit tevore. Ons weet, trouens, dat ons meer vasberade is as ooit tevore.

**Die Afrikanervrou ken die lot wat die vroue van oorlogverwoeste Europa vandag deelagtig is. Ons sal sorg dat daardie lot ons nie weer toebedeel word nie. Ons gaan stry in die O.B.**

Die volk het nie gesterf in die bitter jare wat verby is nie, omdat u getrou gestaan het in die O.B. Die volk mag nie sterf nie, en hy sal ook nie sterf nie, want die O.B.-vrou sal altyd getrou bly. Ons volk sal leef, want ons staan vasberade in die O.B., het genle. Du Toit besluit.

# Laat 1946 Persjaar Wees — Sê A.K.G.

*Laat 1946 in die geskiedenis van die O.B. bekend staan as die Persjaar, het genl. J. A. Smith gesê toe hy die Offisierslaer in Bloemfontein toegespreek het oor die persondernemings van die O.B.*

*„As u u eie pers wil hê, moet u onthou dat 'n gevestigde Afrikaanse pers met £15,000,000 kapitaal reeds teenoor u staan".*

*Met hierdie woorde het die A.K.G. die offisiere gewys op die omvang van hul verpligtings teen die eie O.B.-persondernemings.*

Die eerste en onmiddellike taak is om met alle mag 'n sterk personderneming aan te pak wat die volk kan voorlig en die stryd kan lei teen die verkeerde rigting van die huidige pers.

**Die pers beheer die politiek in alle lande; dit laat volke aanmekaar vlieg en lei volke tot oorwinning; dit help individue om sterk genoeg te word om 'n revolusie teweeg te bring. Die pers is die magtigste middel in die mens se hand.**

Spreker het 'n oorsig gegee van die ontstaan en vordering van Die O.B., die enigste amptelike mondstuk van die Ossewabrandwag. **Die O.B. het vandag die tweede grootste sirkulasie van alle Afrikaanse blaaie in ons land.**

# Politieke Slagoffers van 'n Partybewind



W. W. BOTHA.

**Op 19 Desember 1945 gevonnis tot 5 jaar tronkstraf.**

**„Ek sal my mede-Afrikaner help en beskerm, nooit in die steek laat of aan die vyand of vreemdeling uitlewer nie".**

## Nog Geen Wapens

Die beperkinge op die vervoer en verkryging van vuurwapens en ammunisie in die Unie, is verleng tot die einde van 1946, volgens 'n aankondiging in die Staatskoerant.

# INDRUKWEKKENDE OOMBLIK BY VROUEMONUMENT

'n Indrukwekkende optog van die agthonderd offisiere na die Vrouemonument het Vrydagmiddag buite Bloemfontein plaasgevind toe die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, 'n krans gelê het aan die voet van die Gedenksuil.

Die verrigtinge is gelei deur eerw. M. S. F. Grobler wat Ps. 27 gelees en Ps. 146 vers 3 laat sing het. Nadat die K.G. die krans gelê het, het die gehoor die lydenslied Gedenk gesing.

Genl. J. A. Smith, wat as spreker opgetree het, het gesê dat ons vaderland ons roep deur middel van die baie offers wat daar gebring is vir die saak van die Afrikanerdom. Van Tafelberg tot aan die Limpopo, op berge en in dale is daar die graftes van hulle wat in die voorbereiding van ons vaderland as 'n tuiste hul lewens gegee het.

Hier staan ons voor 'n monument wat opgerig is ter nagedagtenis van die vroue en kinders wat hulself geoffer het vir die vryheid. Daardie versugtinge, daardie laaste asemtogte voordat hulle neergedaal het in grafte wat deur moeder- en susterhand gegraaf moes word, het net een boodskap gebring en dit is om nie te vergeet nie, maar om die plig uit te voer wat op elkeen van ons gelê is om die volk te lei tot waar hy moet kom.

Spr. glo dat die Here hierdie smart aanskou het en dat daaruit vir ons volk nuwe lewe sal kom. Spr. het herinner aan wat die K.G. by die vorige laertrek op dieselfde plek gesê het, nl. dat daar eers 'n Golgota moes wees voordat daar 'n herrysenis was.

Die monument roep tot getuie wat die vyand betref, 'n aanklag van lyding, maar wat ons betref, is dit 'n oproep tot dade.

Genl. Grobler het met 'n kragtige gebed afgesluit, waarna die prosessie stigtelik en in gelid die terrein verlaat het.


## NUWE VOLKSPELE-HANDLEIDING

- Tweede amptelike uitgawe van die RDB.
- Opgestel deur mev. C. de Ridder en goedgekeur deur die Uniale Raad vir Volkspele en -Sang.
- Bevat 23 pragtige nuwe spele met woorde en musiek.
- Gedruk op pragtige kunspapier en bevat linneband- en stofomslag.
- Hierdie handleiding, wat elke neef en niggie moet hê, kan bestel word van:—

*DIE RDB-DIENSBURO*
(EDMS.) BPK.
Posbus 7714 — Johannesburg
Prys 6/6 per eksemplaar posvry

## KUNSKALENDERS

*Versier u Kantoor en/of Studeerkamer met die RDB-Kunskalender vir 1946*

- Agterblad kleurvol en 'n getuienis van goeie smaak.
- Maandblaaie ryklik geïllustreerd met passende oorspronklike spreuke.
- 'n Ware bondgenoot vir voorspoed in die nuwe jaar.

Bestel van:
*DIE RDB-DIENSBURO*
(EDMS.) BPK.
Posbus 7714 — Johannesburg
PRYS: 1/6 Posvry.

## PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) Newtown

## 5 PERSENT

Belê u Gelde waar dit veilig is!
SPOORBONDKAS BEPERK
Bied aan winsgewende Beleggings teen die HOOGSTE RENTEKOERSE
Beleggings word gewaarborg en verdien die volgende Rentes:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vaste | Deposito | vir | 1 | jaar: | 3 % |
| „ | „ | „ | 2 | „ | 3½% |
| „ | „ | „ | 3 | „ | 4 % |
| „ | „ | „ | 4 | „ | 4½% |
| „ | „ | „ | 5 | „ | 5 % |

Doen aansoek by:—
Posbus 8289, JOHANNESBURG.
Posbus 1869, KAAPSTAD.
Posbus 118, BLOEMFONTEIN.

*U skryf ons wat u verlang.*

*Ons stuur u die mooiste SKOENE op sig per pos!*




DE BRUYN SE POSBESTELLINGS
(EDMS.) BPK.
ANDRIESSTRAAT — PRETORIA

- Vry versending
- Vry verpakking
- Vry op sig

*Stuur hierdie advertensie saam met u bestelling en ontvang 5% Korting.*



'n Groter aandeel in die meubelbedryf en 8% diwidend vir u



„Dis die taak van bostaande en nog talle ander meubelstukke — om vir die Afrikaner 'n groter aandeel in die meubelbedryf te verower, om Excelsior-Meubels Beperk bekend te maak as die fabrikante en verskaffers van goeie meubels, om die waarde van u aandele te verhoog. Die Maatskappy se bates het gestyg van £38,029 in 1942 tot £285,204 in 1945. In dieselfde tydperk het sy winste gegroei van £3,535 tot £14,069. Daarom het u, as aandeelhouer, nog jaarliks 'n diwidend van 8% op u opbetaalde gewone aandele ontvang. En die toekomsbeeld is nog veel aantrekliker. Behalwe die ekstra omset wat al die nuwe huise gaan meebring, sal Excelsior-Meubels se winste nog verbeter word deur die direkte invoer van Radio's, Koelkaste en ander huishoudelike benodigdhede."

WINKELS TE: De Villiersstraat 15, Johannesburg; hoek van Andries- en Pretoriusstraat, Pretoria; Kerkstraat 108, Potchefstroom; Cross-straat 32, Kroonstad; Maitlandstraat 69 en St. Andrewstraat 123, Bloemfontein; Pleinstraat 47—49, Kaapstad.

EXCELSIOR-MEUBELS BPK.

Organisasiekantore waar inligting omtrent die nuwe uitgifte van aandele kan verkry word: Spoorbondkasgebou 603, Johannesburg; Maitlandstraat 69, Bloemfontein; Groote Kerkgebou 614, Kaapstad.

Die Besturende Direkteur, Excelsior-Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg. Stuur my asseblief u brosjure „'n Vaste Koers" wat die prospektus bevat en besonderhede van Excelsior-Meubels se groei en toekoms.

Naam ..........................................
(Blokletters asb.)

Adres ..........................................

..........................................

O.B. 13/2/46

### TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**Huishoudelike Kennisgewings:** (Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25% afslag.

**Handelsadvertensies:** Enkele plasings (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasings: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasings: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing. sing.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir ses maande. Vooruitbetaalbaar.

**Stuur advertensiebestellings en intekenings aan:**
VOORSLAG (EDMS.) BPK.,
Posbus 1411, Kaapstad.

## VERLOWING

VAN RENSBURG — DE JAGER. — Ons, Berlinda, tweede oudste dogter van Mev. en wyle Mnr. H. W. de Jager en Wag-kaptein Nico van Kommando A5d2, maak bekend dat ons onlangs verloof geraak het.

## HUWELIKE

COETSEE—GELDENHUYS. — Hiermee maak ons, Anna, dogter van mnr. en mev. D. J. Geldenhuys, Wynnestraat 13, Parow, en Rudoph, seun van mnr. en mev. R. G. Coetsee, Pretoria, aan familie en vriende en belangstellendes bekend dat ons op Dinsdag, 12 Februarie 1946 om 7.30 n.m. stil getroud is.

## DOODBERIG

ROSSOUW. — Onverwags oorlede, Hester Rossouw, eggenote van Gawie Rossouw, Ashton, op 28 Januarie in die ouderdom van 35 jaar. Sy was 'n getroue Brandwag vanaf die bestaan van ons Kommando. — Namens Vroue-Kommando, Montagu.

ROETS. — Skielik van ons weggeruk deur 'n wrede motor-ongeluk op 26 Januarie 1946, ons dierbare eggenoot, vader en broer, Frans Roets, in die ouderdom van 52 jaar. Hy was 'n getroue O.B.-lid tot sy dood. Diep betreur deur sy eggenote, enigste seun, broers en susters. — Kakamas.

## GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie.
Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.
**S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENT-WERKE (EIENS.) BEPERK**
(Jannie Cillie, Besturende Direkteur).
**VOORTREKKERWEG — MAITLAND**
**Foons 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.**

## IN MEMORIAM

COETZER.—Met tere liefde dink ons weer aan Lukas wat ons op 24 Januarie 1945 vooruitgegaan het. Sy plek het leeg gebly. — Pappie, Mammie en familie.

**Vredefort Handelshuis (Edms.) Bpk.**

## BESTUURDER BENODIG

Applikasies met getuigskrifte vir die betrekking van Bestuurder van hierdie onderneming, wat tans omskep word in 'n publieke Maatskappy, moet die ondergetekende bereik op of voor 26 Februarie 1946. Salaris, insluitend lewenskoste, £500 per jaar met jaarlikse verhoginge van £25 tot £600. Meld ondervinding, ouderdom, ens.

Op las,
DIE SEKRETARIS,
POSBUS 33, VREDEFORT.

## PERSOONLIK

**GRYSHARE** tot natuurlike kleur herstel of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Geld met bestelling. Kruiebehandelings vir alle siektes verkrygbaar. — „DIE BOEREVROU," Bus 7559, Johannesburg.

**MARKAGENTSKAP.** — Deskundige inligting gratis aan pluimveeboere. Stuur alle produkte aan: COETZEE, JORDAAN en BOJE (EDMS.) BPK., Wolhuterstraat 62, Newtown Johannesburg. Foon: 33-8297. Telegramme: Bojemark.

Wil u op aangename en produktiewe wyse u inkomste aanvul deur gebruik te maak van u spaartyd? Skryf om volledige inligting aan: **VRIEND**, Posbus 1411, Kaapstad.

## BENODIG

**'N BLANKE ONGETROUDE VOORMAN** vir algemene plaasboerdery. Moet in besit wees van bestuurderslisensie. Tree dadelik in verbinding met Mnr. **SIAS DU TOIT, „Wysersdrift", Goudiniweg.**

## TE HUUR

**'N GEMEUBILEERDE KAMER** vir manspersoon. — Weltevredestraat 61, Tuine, Kaapstad.

## RADIO

**LOUW EN LOUW**, die beroemde radio-ingenieurs, Stasieweg, Parow, verkoop en herstel Radio's en Elektriesetoestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9.8435.

## ELEKTRIESE WAKE

Vir alle ELEKTRIESE INSTALLASIES en BENODIGDHEDE raadpleeg J. A. WOLFAARDT, Hoofstraat 410, Paarl. Foon 354.

## TE KOOP GEVRA

**HAELGEWEER.** — Dubbelloop, 12 Boor, van enige fabrikaat. Besonderhede aan: G. FABRICIUS, Lemoenshoek, BARRYDALE.

## PLAAS TE KOOP

**BEESPLAAS.** — 1704 of 1000 morge, 15 myl van Vryburg, 6 myl van Devondalestasie. Eersteklas beesplaas, in kampe verdeel met waters. Volop bos en goeie lande, Woonhuis, buitegeboue, ens. Skryf aan eienaar: G. H. VAN NIEKERK, Posbus 121, Vryburg.

## TE KOOP

**ANGELIERPLANTJIES.** — Pragtige sterk Amerikaanse Boom-Angelierplantjies, 3/6 vir 12, 20/- vir 100, £6-10-0 vir 1000, vir die volgende soorte: Corona, Regina, Snow Storm, Idaho Beauty en Salmon Regina. Bestellings word ook geneem vir later aflewering. — S. C. STANDER, Bus 20, Tzaneen.

**BORDER COLLIE HONDJIES.** — Hier is weer die hond vir die dorpenaar. Bestel dadelik, aanvraag groot. Een tefie, £1/10/-; verder reuntjies, £1/15/- tot £2 of £2/15/- die paar. Gelewer afsender se stasie. — J. I. J. FICK, Belgravia, PAUL ROUX.

**BORDER COLLIE SKAAPHONDJIES.** — Suiwer-geteel, slim, goeie gehoorsame werkers. — O. H. KIESSIG, Posbus 10, PHILIPPOLIS.

**BULHONDE.** — Een Reuntjie, grou en wit, £7/10/-, en een Tefie, wit met grou kol teen die kop, £6/10/-, tesame met geslagregister. Gebore 6 November 1945 uit geregistreerde ouers. Waaksaam, diewehaters. Doen aansoek by Mnr. C. J. BASSON, P/A Bokomo, MALMESBURY.

**BULLE.** — Dunbar Rooi Poenskoppe (Red Polls), dubbel-doel, geregistreerde jong bulle van ingevoerde Knepp Solicitor; gehalte beter en pryse laer as ooit tevore.
Besonderhede van: ENSLIN, P.K. Gloria, Middelburg, Tvl.

**GROENTESAAD.** — Chantenay Wortelsaad 12/-; Donker Detroit Beet 10/-; Blomkool: Suiderkruis 20/-; Reliance 25/-; Spitz Kopkool 12/6; Koel en Broos Komkommer 15/-; Tom Watson Waatlemoen 16/-; Blaarslaai 22/-; Little Gem Skorsies 12/-; Lang Wit Bos 13/-; Raap 7/6; Uie: Australiese Bruin 6/6; Kaapse Plat 10/-; „Silver King" 12/6. Almal per pond. 2/- duurder op halfponde. Posvry. K.M.B. — PREMIER SAADKWEKERS EN VERSPREIDERS, Schoemanshoek, Oudtshoorn.

**GROENTESAAD.** — Vars, gesertifiseerde Groentesaad direk van die produsent: Vroeë Kaapse Plat Ui, 7/6; Australiese Bruin, 6/-; Chantenay Wortelsaad, 7/6; Detroit Beet, 7/6. Skryf vir volledige Pryslys.—KAROO SAAD VERSPREIDERS, Posbus 107, OUDTSHOORN.

**HONDE.** — Suiwer-geteelde Steekhaarbrakkies (Wirehaired Terriers). Goeie honde om ongediertes uit gate te haal. Prys £2/10/6 vir reuns, £1/10/6 vir tefies. — O. H. KIESSIG, Bus 10, PHILIPPOLIS.

**KAROO-KRAALMIS.** — Gemaal met hamermeul, 12 sakke per ton, teen 37/6 per ton, om nie minder as tien ton te neem nie. Kontant met bestelling, gelewer op Middletonstasie.—T. C. NEL, Golden Valley.

**MEUBELS.** — Swierige en duursame Tambotie- en Klaat-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAREE se Meubelfabriek, teen streng fabriekspryse. — Navrae: ONS BOERE-MEUBELWINKEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegramme: „Tambotie". Tel. 136.

**MEUBELS.** — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. — PETRA-MEUBELS, BPK., Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.

**MEUBELS.** — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EIENS.) BPK., en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Phillips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929. Agentskap: Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk., Globe-Huis, Kerkstraat, Wynberg.

**SOUT TE KOOP.** — Aandag Brandwagte: A1 59/0; no. 1 54/-; no. 2 49/- per ton, om onmiddellik te laai op Soutpan. Tevredenheid gewaarborg. Kontant met bestelling. — De Beer en De Beer, P.K. Florisbad Soutwerke.

**TREKKER.** — Nog verskeie tweedehandse spaardele, in goeie toestand, vir McCormick-Deering 10/20 1930 Standaard Trekker. — P. A. BOULOGNE, „Deelpan", P.K. Bloemfontein.

**SOUT.** — A1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton, gelaai in goeie sakke. Tevredenheid gewaarborg. Kontant met bestelling. Enige hoeveelheid onmiddellik gelaai. Mev. F. DE BEER, Rusplaas, P.K. Florisbad.

**SOUT.** — Ondersteun u mede-Afrikaner. Spesiale A1 59/-; Sneeuwit No. 1, 54/-; Wit No. 2, 49/- per ton, vry gelaai Soutwerke. — Adres MEV. MARTIE VENTER. Possak Arbeidsloon, Bloemfontein.

**SOUT.** — Aandag Brandwagte. Die O.B.-Soutwerke bied aan: A1 59/-; No. 1 54/-; No. 2 49/- per ton, kosteloos gelaai Soutpan. — Adres: VENTER en DU PLOOY, P/sak Arbeidsloon, Bloemfontein.

Swaardraende sterk **LAXTON'S NOBLE AARBEIPLANTE**, Febr.-April plantyd, 3/- per dos., 7/6 vir 50, 10/6 per 100, £4 10/- per 1,000. Kontant met bestelling. Renonkel, Anemone, Leliebolle vir Maart-April planting. Lyste op aanvraag. — HERHOLD'S POSBUS 660, JOHANNESBURG.

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertroë. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, Pretoria.

## WYNE

**VYF GELLING** Muscadel-likeur £2 12s. 6d.; anker £3-17-6; 5 gelling Rooi of Wit Muscadel, Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-6; anker £3-2-0; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. — J. C. JONKER, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.

**BROSJURE**
***„AMAJUBA 1946"***
**1/- elk.**
**Gebiedshoofkwartier, Sanlamgebou 616, Pretoria.**

**W. Voigt (Edms.) Bpk.**
**Fabrikante van**
**Kelder- en Besproeiingsmasjinerie**
**Bus 10 — HUGENOOT, K.P.**

***Vir Deftige Tabberds Twee-stuk Rokke en Somerhoede***
**Kom seker eers na**
*Steyns*
**DIE DAMES-WINKEL PAROW**

**ONDERSTEUN ONS BLAD**

**BOERE!**
ONTMOET MEKAAR IN DIE
***Afrikaanse Koffiehuis***
**(Sanlamgebou)**
**Pretoria**
om saam te eet of koffie te drink.

**A.V.B.O.B**
**Lykbesorgers, Grafsteenmakers Begrafnisversekeraars**
**Bloemfontein — Pretoria**
**130 Takke**

**Ons Gee Nog Steeds Leiding!**
**S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BPK.**
**Voortrekkerweg, MAITLAND**

**MARKAGENTSKAP**
**VROEE MORE-MARK**
**KAAPSTAD**

**Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang**

**Beste heersende pryse**

**MINNAAR EN VAN SCHOOR**
**Eienaar: GUSTAV RETIEF**

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk Stellenbosch vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Kerkplein, Kaapstad.

# VAN ZYLS
**— DIE MANSUITRUSTERS —**
**PAARL**

**Baie groot voorraad TENNISRAKETTE op hande. HERSNARINGS van rakette onder spesiale toesig. Netjiese SNYERSPAKKE. Skrywe om maatvorms en monsters.**

**BAIE GOEIE BEHANDELING EN BILLIKE PRYSE**

# GOEIE NUUS

**SANLAM kondig met genoeë aan dat sy Bonus vanjaar verklaar is teen die vooroorlogse tarief van**

**£2%**

**(Jaarliks Saamgesteld)**

SANLAM

**SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENSASSURANSIE-MPY., BPK.**

**HOOFKANTOOR, WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD**

## *Afskeid van Genl. De Jager*

Vrydagoggend is deur Gebied C se offisiere afskeid geneem van gebiedsgenl. C. L. de Jager, wat sy amp neergelê het met die oog op verdere studie.

Adjunk-K.G. J. A. Smith het die woord gevoer en op die lang dienstyd van genl. De Jager in die Beweging gewys, asook die twee jaar van internering wat hy deurgemaak het. Spr. het gesê dat genl. De Jager in die dae van storms 'n groot bydrae gelewer het en as die Grootraad vroegtydig geluister het na sy voorspellings in die dae van vrede, sou die O.B. nie soveel skade gely het nie.

Spr. het die gehoor die versekering gegee dat genl. De Jager nog net so'n harde O.B. is.

Waar hy besluit het om hom in die buiteland te gaan bekwaam in 'n professie, wens spr. hom alle sukses toe saam met sy gade wat soveel gely het.

Genle. C. Meyer het namens die vroue die Generaal bedank en ook die moedige wyse waarop mev. De Jager haar beproewinge gedra het, geroem, asook sy moeder.

Geskenke is aan genl. en mev. De Jager aangebied.

Namens die Gebiedskwartier het genl. P. J. Grobbelaar kortliks gepraat en namens die Gebied genl. J. L. Uys.

Genl. De Jager het in sy antwoord gesê dat die werk wat hy in die toekoms sou moes doen, nie 'n voltydse amp geregverdig het nie. Hy het dus besluit om 'n professie te kies. Spr. kan geen simptoom sien wat dui op die agteruitgang van die Ossewabrandwag nie. Hy glo dat daar in die eeue wat kom nog van die O.B. gepraat sal word. Sodra hy weer eendag in 'n vaste betrekking staan, sal hy sy dienste opnuut aanbied.

Genl. De Jager het ook sy dank betuig aan die Adjunk-K.G. en die offisiere met wie hy saamgewerk het.

## BOEREJEUGBLAD VERTRAAG

**Dit spyt die redaksie om aan te kondig dat die Boerejeugblad weens vertraging op die pos hierdie week nie kan verskyn nie.**

## VERJAARDAGKETTING

14 FEBRUARIE: Anna van Heerden, Delmas; Lourens Erasmus, Ganskuil; Gert Wessels, Fouriesburg; Anna Kirschbaum, Eppingtuindorp; Marie Steenkamp, Springbok; Jane de Kock, Marchand.

15 FEBRUARIE: Levina Pelser, Johannesburg; Anna Nel, Bedford; Elsebeth de Bruin, Noord-Paarl; Veronique Malan, Huguenot; Susanna van Niekerk, Moorreesburg; Berend Hansen, Kakamas.

16 FEBRUARIE: Susanna Briedenhann, Boskuil; Johanna Cloete, Zeerust; Christoffel de Beer, Dendron; J. J. van der Linde, Rashoop; E. M. Engelbrecht, Koedoeskop; Alecaridia Klue, George; Stephanus Theron, George; Helena Burger, Wolseley; Elizabeth Burger, Wolseley; Willem Goosen, Nababeep; Stefanus Myburgh, Alheit; Joan Swanepoel, Parow; Johannes Hansen, Alheit.

17 FEBRUARIE: Cornelia Visagie, Amalia; M. J. Pavier, Koedoeskop; M. Young, Koedoeskop; Jacoba Naude, Fouriesburg; Pierre Vivier, Beaufort-Wes; Helene Malan, Hugenoot; Johan Erasmus, Tiervlei; Frederik Naude, Stellenbosch; Anna Botha, George; Anna Bekker, Beaufort-Wes; Joan Neethling, Woodstock; Anna Todt, Woodstock.

18 FEBRUARIE: Daniel Koekemoer, Baltimore; Johannes Jurgens, Pietersburg; Susanna de Kock, Dendron; Susanna du Plessis, Hoewal; Susanna Keyser, Zoetdoorn; Helena Smit, Beaufort-Wes; Dalene Roode, Paarl; Rina Geldenhuys, Sutherland; Izak Hesketh, Sutherland; Stefanus Kruger, Groblershoop; Nico Coetzee, Blikfontein; Cathrina Cillie, Paarl; Attie Els, Retreat.

19 FEBRUARIE: Sophia Harmse, Groot Marico; Cornelus de Kock, Bethlehem; Elsie Smit, Bethlehem; Pierre Oliver, Frankfort; Lotz Nieuwoudt, Stellenbosch; Philippina Erasmus, Merweville; Hester Jansen van Vuuren, Merweville; Magdalena Botha, Wilgenhoutsdrift; Elizabeth Potgieter, Kirkwood.

20 FEBRUARIE: Jan Pretorius, Boshoop; Diederik Steyn, Bethlehem; Jacobus Jooste, Sutherland; Campion Theron, Bellville; Frans Theart, Woodstock; Merida Bredenkamp, Observatory; H. Bronner, Maribogo.

# KAN NUWE STAAT NIE MET OU INSTELLINGS BRING

## *Prof. Du Plessis Toon Toekomsrigting Aan*

**„Daar is baie mense wat dieselfde dinge begeer as wat ons voorstaan, maar baie van hulle wil die nuwe wyn nog in ou sakke gooi en dit is onmoontlik. Sulke mense besef nie dat jy die ou parlementêre stelsel eers moet afskaf voordat ons met die nuwe dinge kan kom nie", het prof. L. J. du Plessis, Beleidstudiehoof en lid van die Grootraad, by geleentheid van die Offisierslaertrek in Bloemfontein gesê.**

Prof. Du Plessis het 'n oorsig gegee van die Ossewabrandwag se algemene beleid en ter aanvang beklemtoon dat ons nie aan papier gebonde is nie. Die O.B. het 'n volledig uitgewerkte beleid, maar hy besef dat dinge steeds ontwikkel. **Ons is gebind aan die hart en lewe van die volk, en soos die volk dink, so besluit en voer ons uit, het hy gesê.**



Prof. L. J. du Plessis

In die staat wat die O.B. beoog sal daar ook verkiesings wees van die staatshoof en wel deur die burgers van die land wat volkslede is en nie deur vreemdelinge wat toevallig in die land is nie. Die president sal ook nie alleen en na willekeur regeer nie, maar sal bygestaan word deur rade wat werklik rade sal wees en advies sal gee waarna die regering sal luister.

Die verskillende dele van die land en bedrywe in die volkslewe sal hul eie sake grootliks self bestuur. Die boerebedryf sal by voorbeeld nie op die voorskrif van amptenare handel nie, maar volgens die besluite van hul eie leiding wat deur hulle self aangewys is.

### DINK RUIMER

In verband met ons buitelandse beleid het spr. gesê dat ons nie net aan die Republiek dink nie, maar veel groter. Ons dink ook aan die kontinente. Ons sien die Afrikaner se taak daarin om Afrika oop en skoon te maak — Afrika vir die Afrikaner. Dit is die eerste artikel van ons buitelandse beleid. Daarmee besef ons egter ook dat ons nie in Afrika alleen kan staan nie. **Die wêreld verdeel hom al meer in twee hoofkampe — die Ooste en die Weste: die Christendom teen die heidendom. Ons het die bystand van die Weste nodig teen die Ooste en die Weste het ons nodig. Die ou gedagte van neutraliteit moet ons in hierdie lig verwerp. Ons sal by ons vriende moet staan teen ons doodsvyande.**

In verband met die kerk en godsdiens het spr. gesê dat ons vryheid van godsdiens en vryheid van die Kerk voorstaan. Maar nog meer: die staat moet die kerke erken — daardie kerke wat 'n historiese Christelike belydenis handhaaf en die Skriftuurlike rassebeleid van die volkstaat nie ondermyn nie. Die kerke moet 'n gesamentlike raad vorm wat die regering oor kerklike en godsdienstige sake kan adviseer. Van die kerke sal egter verwag word om die volksbeleid te respekteer. Kerke by voorbeeld wat gelykstelling tussen swart en blank voorstaan, kan nie erken word nie, want dit is politiek en nie evangelie nie wat hulle verkondig.

Die kultuur van die toekoms moet Afrikaans wees en moet deur die staat bevorder word. Die O.B. is egter ruim genoeg om te besef dat die kultuur voorlopig ook tweetalig sal moet wees. Die Engelseentalige kultuur sal Suid-Afrikaanse Engelse kultuur moet wees.

### MAAK GELD

Verwysende na ons ekonomiese beleid het prof. Du Plessis gesê dat dit nie aan geld gebind is nie. Daar is nie so iets soos „nie geld nie". **In die verlede het die banke geld gemaak, maar in die toekoms gaan die staat dit maak, en die staat kan maak so veel soos hy wil mits hy nie meer maak as wat daar goed is om vir geld te koop nie. Dit is sosialisme.** Die O.B. staan nie die afskaffing van private besit voor nie, maar regulering daarvan op so 'n wyse dat dit ook in belang van die groep en die volk aangewend kan word.

Daar is vandag baie mense wat dieselfde dinge voorstaan, het spr. voortgegaan, maar baie van hulle wil die nuwe wyn in ou sakke hê. **As ons die nuwe staat wil hê moet ons die ou instellings weggooi. Veranderings kan nie langs die weg van die ou instellings geskied nie. By ons dink mense ongelukkig nog dat die oplossing deur middel van die ou masjinerie verkry kan word; die Volksfront-gedagte sit by baie mense nog vas aan die ou stelsel. Dit is egter onmoontlik. Die nuwe werk moet met nuwe instrumente gedoen word.** In Engeland praat die Arbeidersparty ook van sosialisme, maar hulle wil dit bereik langs die weg van die parlementarisme en dit sal nooit kan gebeur nie. So seker is Churchill dan ook dat daar niks van sal kom nie, dat hy in Amerika vakansie gaan hou het. Hy slaap gerus.

### GEFAAL

**Spr. het die party-instrument in ons eie land probeer en baie probeer, maar dit het gefaal. Die Eenheidskomitee was 'n poging om die party te laat ophou om party te wees, maar dit het misluk omdat 'n party niks anders wil wees as 'n party nie. Hy behoort aan die ou orde en sal met die ou orde ondergaan.**

Ons hoef dan ook nie meer na bondgenote daarbuite in die ou orde te soek nie. Hulle behoort almal aan die verlede. Hulle gaan hul laaste proefneming oor twee of drie jaar doen en daarna sal ons volk afskeid neem van die ou stelsel. **Wat ons moet doen is om O.B. te wees en dit werklik uit te lewe. Die geheim om te kry wat ons wil hê, is om af te sterf van wat ons het. Namate die omstandighede die volk gaan dwing om af te sien van die oue, na die mate moet die O.B. na vore kom en deur die volk raakgesien word. En die geheim hiervoor is getrouheid aan ons ideale.**

Daar mag gesê word dat ons 'n leier daarvoor nodig het wat algemeen aanvaar kan word, maar ons het daardie leier in Hans van Rensburg in wie ons volle vertroue het — volle vertrou in sy trou, durf en bekwaamheid.

Ons het ook J. A. Smith, en in hierdie twee manne het ons volk 'n leierpaar waarop nie verbeter kan word nie, het prof. Du Plessis besluit.

Die toespraak van prof. Du Plessis is luid en lank toegejuig.

## *Ge-interneerdes Se Dank*

Genl. Kobie Marais, voorsitter van die Bond van Oud-geïnterneerdes, het by geleentheid van die Offisierslaertrek die dank van alle geïnterneerdes oorgebring vir die ondersteuning wat hulle van die Noodhulpfonds ontvang het. Spr. het gesê dat die bekommernis oor vrou en kinders die grootste las van die geïnterneerde was. Sedert die totstandkoming van die Noodhulpfonds wat die geïnterneerdes die versekering gegee het dat hulle gesinne versorg word, is hierdie las met nege-tiendes verminder. Daarvoor sal hulle innig dankbaar bly teenoor elke lid wat die Fonds moontlik gemaak het.

# Gedissiplineer Vir Spanwerk

## Die A.K.G. Oor Wagafdeling

Die Wag is 'n integrale deel van elke kommando en verteenwoordig die aktiewe kern in daardie kommando, het genl. J. A. Smith in sy uiteensetting voor die Offisierslaer te Bloemfontein oor die Wagafdelings verklaar.

Die O.B. is die magsorganisasie van die volk wat bereid moet wees om te eniger tyd enige skommeling in die openbare lewe, hetsy op politieke, ekonomiese of sosiale gebied, te vorm en te rig ooreenkomstig die belange van die volk. Daarom moet die O.B. diensooreenkomstig ingerig word en sy lede sodanig afgerig word. In die Wag word lede afgerig en gedissiplineer vir spanwerk.

Genl. Smith het die kommando's opgevorder om 'n maksimum-aantal lede te lewer vir afrigting in die Wag. 'n Lewenskragtige Wag is waarborg vir 'n gesonde gees van samewerking en kameraadskap in 'n kommando.

**Die A.K.G. het verklaar dat die metode van geestelike en fisiese afrigting en dissiplinering reeds getoets is en merkwaardige resultate gelewer het.**

Dit is eerste toegepas deur die Finse volk in 1907, wat sportklubs, onder bevel van kommandante, opgerig het, en sodoende die hele volk georganiseer en gedissiplineer het. In 1917 het die kommandante 'n beroep gedoen op hul mense, met die gevolg dat 'n gedissiplineerde klein volkie die groot Russiese geweldenaar van sy bodem verwyder het.

**„Dit wys wat in die kommando-organisasievorm skuil", het die A.K.G. uitgeroep. Hy het kommandante aangemaan om getalryke en aktiewe wagafdelings uit te bou.**

**„Die jong manne van die Wag is op die mars", het genl. Smith gesê. „Hulle kom en hulle kom vinnig. Ouer en senior offisiere moet opleidingslaers bywoon, anders gaan die jong manne gewis op jul hakke trap", het die A.K.G. besluit.**




„BAAS"—Die Musikale Bobbejaan Leerling van RAATH-ATELJEES.

SPEEL OP GEHOOR

**Die Wondermetode van die Eeu deur JANNIE RAATH**

in

KLAVIER — JAZZ — TREKKLAVIER — HAWAIIESE KITAAR — KITAAR

Die enigste van sy soort. Oud en jonk kan nou op gehoor speel —geen kennis of oor vir musiek nodig nie. Speel eerste wysie binne 30 minute oefening. Geld terug waarborg. Pos 1/-

Posorder vir besonderhede aan:

**RAATH-ATELJEES**

**Erasmus-Gebou, Pretoria — Posbus 1175 — Foon 24736**

# ASOKOR BEPERK

**BELEGGINGSMAATSKAPPY BETROKKE BY DIE VLEIS- EN PRODUKTE-HANDEL EN DIE VEE-NYWERHEID**

*Direkteure:* Prof. L. J. du Plessis, M.A., M.Econ., LL.B., C. C. Kriel, A. Bickel, A. C. Lombard, Gerard Bekker, L.V., Gordon Tomlinson, Sy edele N. C. Havenga, S. P. Bekker, P. J. du Plessis, Jnr., J. J. Ackermann, C. Miles Warren, L.V.

*Hoofbestuurder:* P. J. Kruger.

**KAPITAAL:**

| | |
|---|---|
| 4,000 Gewone £25-aandele .. .. .. .. | £100,000 |
| 150,000 Gewone £1-aandele .. .. .. .. | £150,000 |
| | £250,000 |

Die 4,000 gewone aandele van £25 elk is reeds ten volle deur die produsente- en verbruikerspubliek opgeneem.

**150.000 GEWONE AANDELE VAN £1 ELK WORD NOU AANGEBIED.**

1943 — 1944 Diwidend 4%
1944 — 1945 Diwidend 6%

(Omset van filiale vir die afgelope jaar oortref £1,000,000)

*DIE MAATSKAPPY SE AANDELE WORD NIE OP DIE BEURS GEKWOTEER NIE.*

ASOKOR bied veilige beleggingsmoontlikhede aan, omdat die maatskappy hom slegs met die handel in lewens-noodsaaklikhede bemoei, en wel op 'n non-spekulatiewe basis.

*Verkry die prospektus en ander inligting by:*

DIE SEKRETARIS,

**Asokor Beperk, Posbus 402, Bloemfontein**

# NASIONALISME ONTMOET SOSIALISME IN O.B.

## Groot Gehoor Besiel

**Die Offisierslaer in Bloemfontein is verlede Vrydagaand afgesluit met 'n groot openbare vergadering in die stadsaal wat deur die K.G. en dr. P. J. Meyer toegespreek is. Die groot saal was van agter tot voor gepak. Die vergadering is gelei deur Gebiedsgenl. dr. F. D. du T. van Zyl**

**Die Kommandant-generaal het 'n uiteensetting gegee van die Ossewabrandwag se vredesbeleid en sy toespraak is dikwels deur groot toejuiging onderbreek. Die baie werkers wat teenwoordig was, het duidelik laat blyk dat hulle in die Ossewabrandwag hoop het op beter tye.**

Die K.G. het gesê dat na 6 jaar van storms die O.B. 'n groter laertrekking hou as 5 jaar gelede ten spyte van petrol- en vervoervraagstukke.

Die O.B. is beskuldig dat hy net oor tronke gepraat het in plaas van beleid te verkondig, **maar die O.B. het gestry vir die republiek en nie vir die republiek wat ander voor moet veg nie.** Nou is die oorlog op 'n end en daar kom 'n ander soort stryd.

### TWEE SAKE

Die beleid van die O.B. kan in twee benamings saamgevat word: hy doen reg aan die nasionale aspirasies en tegelykertyd aan die sosiale aspirasies.

**Ons besef jy kan nie honger vroue en kinders voed met ydele woorde nie. Om die voorgeslag te huldig, vereis om die nageslag te voed en te versorg.**

Die keuse vandag is nie meer of jy sosialisme wil hê nie, maar watter soort — of hy internasionaal of nasionaal sal wees. **As ons praat van 'n nasionale vorm van sosialisme beteken dit 'n sosialisme wat hom by ons volk aanpas — hierdie volk in hierdie land.**



Genl. F. du T. van Zyl



'n Blik op die 800 offisiere in die Bloemfonteinse Stadsaal. By wyle het die skare in die saal tot 1200 aangegroei.

Die O.B. staan vir 'n partylose staat en vir selfbestuur en verteenwoordiging van die beroepe in die regering.

In die partystelsel sien ons die georganiseerde vyandskap tussen volksgenote — Sap en Nat—terwyl in ons staat mense onderskei sal word volgens die werk wat hulle doen en in die verskillendheid van werk is daar geen vyandskap nie, maar aanvulling en samewerking.

Die K.G. het hierna 'n breedvoerige uiteensetting van die O.B.-beleid gegee.

Dr. Meyer wat eerste gepraat het, het 'n oorsig gegee van die arbeidstoestande in die afgelope eeue, en beklemtoon dat die O.B. in die hede lewe en vraagstukke van die hede aanpak. Die arbeidsvraagstuk is vandag dwarsdeur die wêreld die grootste en dit beheers die ganse politieke situasie.

Spr. het aangetoon hoe die middeleeue die burgerlike regering uit gestoot het, waardeur die enkeling op die voorgrond gestel is. Hierdie burgerlike regerings het baie goed gedoen, maar hulle het per slot van sake in die hand van klein groepe gespeel wat uiteindelik die mag in hulself gekonsentreer het. Die werkers is deur hierdie kapitalistiese groepe so behandel dat hoe minder hy verdien, hoe groter die winste vir die kapitaliste geword het. Hulle was uiteindelik niks anders as slawe nie. en 'n uitgebuite werkersmassa het ontstaan wat slegs hul arbeid gehad het om te verkoop. Hulle het begin samewerking soek, want die enigste mag wat vir hulle nog oorgebly het was die weiering van hul werk, die sogenaamde stakings. Sedertdien het die tydperk van die werkers ontstaan, en vandag is dit 'n onveranderlike feit. Die kapitalisme is aan die sterf al skyn dit of hy die oorlog gewen het. Wêreldrevolusies is besig om plaas te vind.

### AFSONDERLIK

Met verwysing na die arbeidsbeweging in ons eie land het spr. gesê dat die tragiek van ons volk was dat daar 'n stryd teen die kapitalisme plaasgevind het sonder dat ons dit raakgesien en dit ondersteun het. **Onderwyl ons vir Rhodes die imperialis beveg het, het die arbeiders vir Rhodes die kapitalis beveg. Maar ons het mekaar nie ondersteun nie, en daarom verloor.** In die Suid-Afrikaanse Republiek is die stryd teen Rhodes se kapitalisme by voorbeeld o.a. deur Bill Andrews gevoer, wat, toe die oorlog teen die Republiek uitgebreek het, die land verlaat en geweier het om teen die Boere te veg. Ander Engelse werkers het selfs saam met die Boere geveg. Maar ons het, soos die K.G. gesê het, vir Andrew links laat lê en daarom het hy later links gegaan. Vandag is hy die leier van die kommuniste in Suid-Afrika.

Net so het ons die werker in 1913 en in 1914 ens. in die steek gelaat. In daardie stryd het die werkers ook hul helde opgelewer wat met hul bloed geboet het. Spr. het die naam van Johannes Labuschagne genoem wat 'n heldedood gesterf het.

(Vervolg in kolom 5)

(Vervolg van kolom 3)

**As die nasionale stryd teen die imperialisme en die arbeidersstryd teen die kapitalisme saamgesluit het, sou daar geen nederlaag vir ons gewees het nie.**

### EIE MENSE

Toe die werkers in 1922 weer die stryd aangebind het, het genl. Smuts vir die volk gesê dit is rooi kommuniste en Afrikaners het gegaan om die Afrikanerwerker daar te gaan onderdruk. Want hulle het nie besef dat daardie mense soos Piet Erasmus, wat kommando's georganiseer het soos die Ossewabrandwag later gedoen het, ons eie mense was nie. En Piet Erasmus het daarna moes rondswerf om brood te soek. Vandag woon hy in 'n klein straatjie in Vrededorp waar die Ossewabrandwag vir hom sorg.

Dit is dan ook die doel van die Ossewabrandwag om hierdie twee magte — die nasionalisme van die Afrikanerdom en die sosialisme van die werker in die stad in een mag saam te snoer, want die oomblik as hierdie twee magte saamgesluit het, is dit klaar met die kapitalisme en imperialisme.

# Duitsers Wou Atoom Nie Vir Oorlog Gebruik Het

Nadat Britse deskundiges ondersoek ingestel het na die bedrywigheid van Duitse wetenskaplikes op die atoomgebied, het dit aan die lig gekom, dat die navorsing van die Duitsers op hierdie gebied hoofsaaklik toegespits was om die atoom te gebruik as 'n bron van krag en nie vir die gebruik van militêre doeleindes nie, volgens Sapa-Reuter verlede week berig het.

Duitse wetenskaplikes wat op hierdie gebied nagevors het, sal nou na Duitsland teruggestuur word. Onder hierdie manne is prof. Otto Hahn, wat die Nobel-prys in 1944 verower het vir die splitsing van swaar atoomkerns.

### VERDERE BERIGTE

**Ander berigte oor die Offisierslaer in Bloemfontein en verdere verslae van toesprake sal in die volgende uitgawe verskyn.**


# Excelsior Wyne en Brandewyne

Aan EXCELSIOR Wyne is toegeken drie Silwer bekers en verskeie Eerste Pryse op die jaarlikse Westelike Provinsie se Wynskou.

PRYSLYS:

| | Per Bottel | 12 Bottels in Kissies van 5 Gel. Vaatjies. Per Gelling in |
|---|---|---|
| **WYNSOORTE:** | | |
| Spesiaal (Soet) | 2/6 | 11/- |
| Wit Jeripigo | 1/9 | 8/6 |
| Rooi Jeripigo | 1/9 | 8/6 |
| Malmsey | 1/9 | 8/6 |
| Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Rooi Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Soet Port | 1/8 | 8/- |
| Port | 1/7 | 7/6 |
| Pontak | 1/7 | 7/6 |
| Worcester Hock | 1/7 | 7/6 |
| Spesiale Sjerrie | 1/7 | 7/6 |
| Sjerrie | 1/6 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie | 2/3 | — |
| **BRANDEWYN:** | | |
| Eureka | 8/6 | — |
| A 1 | 8/- | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Kersie | 6/6 | — |
| Van der Hum | 6/6 | — |
| Creme de Menthe (Peperment) | 7/6 | — |
| Anys | 6/6 | — |
| Gemmer | 6/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen | 7/6 | — |
| Suurlemoen | 7/6 | — |
| „COCKTAIL | 4/- | — |
| Vermouth (Franse en Italiaanse tipes) | 2/9 | — |

GELIEWE DAAROP TE LET: — Bestellings word opgemaak van enige verskeidenheid wyn, brandewyn en likeurs, mits dit 'n kissie van 12 bottels is.

Bestellings word slegs uitgevoer KONTANT MET BESTELLING of KONTANT BY AFLEWERING plus K.B.A.-koste, vry op spoor Vlakteplaats-Stasie. KONTANT PLUS SPOORVRAG moet bestellings vergesel wat op Bushaltes of Haltes afgelaai word, andersins sal bestellings na naaste Stasie versend word.

Die volgende deposito's moet bestellings vergesel, nl. 20/- per vaatjie en 5/- per kissie met bottels. Gemelde bedrae word vergoed sodra leë inhouers terug ontvang word, spoorvrag betaald na Vlakteplaats-stasie.

**WANNEER LEË INHOUERS TERUGGESTUUR WORD, MOET ETIKETTE NIE VERWYDER WORD NIE. DUPLIKAAT-VRAGBRIEWE VAN AFSENDING MOET OOK AAN ONS GESTUUR WORD.**

Bestel van:
**EXCELSIOR WYNMAKERY,**
(Eien. John Schoeman)
Posbus 1. Foon 902. Tel. Excelsior.
**VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.**



# Geleentheid vir GEKWALIFISEERDE Manne




Suid-Afrika ontwikkel snel. Groot naoorlogse uitbreidingskemas deur Staatsdepartemente en nywerheidsondernemings sal nuwe vooruitsigte aan OPGELEIDE manne bied.

Manne en vroue met ambisie het dit reeds opgemerk — hulle berei hulle NOU reeds voor ten einde die betrekking wat welvaart meebring, te kan beklee wanneer die geleentheid hom aanbied — 'n goeie posisie, geld om goed van te leef, veiligheid vir hulself en hul gesinne.

Wat doen U daaromtrent? U wil nie agterbly by jonger, energieker manne nie — en u hoef ook nie. Die geheim van sukses lê in OPLEIDING opgesluit.

U kan vandag die beste opleiding bekom wat nog ooit in Suid-Afrika aan iemand aangebied is — opleiding onder deskundige leiding van voltydse en deeltydse lektore van die T.A.K.K. — Afrika se grootste en suksesvolste korrespondensiekolleges. Honderde studente van T.A.K.K. beklee reeds invloedryke en goed besoldigde betrekkings. U kan in hulle sukses deel as u NOU handel.

**Skryf om PROSPEKTUS en VRY advies vir Toekomsplanne.**

## TRANSAFRIKAANSE KORRESPONDENSIEKOLLEGES (EIENS) BPK.

Departement O.B., Bus 640, PRETORIA.

waarby ingelyf is Universiteits-korrespondensiekursusse (Edms) Bpk, Pretoria en Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege, T.O., Johannesburg.

6013-1